

SOUTH AFRICA / JUDGMENT

S v Jafta (211/84) [1985] ZASCA 3 (27 March 1985) [1985] ZASCA 3

COURT

Supreme Court of Appeal

BEFORE

Joubert, Trengove, Galgut

CASE / FILE NUMBER

211/84

Source: saflii.org · Research copy typeset by Esheria. Not court-issued or certified.

Saaknommer: 211/84 WHN JOSEPH JAFTA Appellant

en

DIE STAAT Respondent

JOUBERT AR.

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

APPÉLAFDELING

In die saak tussen:

JOSEPH JAFTA Appellant

DIE STAAT Respondent

Coram: JOUBERT et TRENGOVE ARR et GALGUT Wn AR

Verhoor: 14 Maart 1985

Gelewer: 27 Maart 1985

UITSPRAAK

Die

2 Die appellant, 'n 27 jarige Swartman, is as

beskuldigde 1 saam met David Seboke as beskuldigde 2 in die Oranje-Vrystaatse Provinsiale Afdeling deur 'n hof bestaande uit L.C. STEYN R. en twee assessore skuldig bevind aan moord met versagter omstandighede toe hulle op Woensdag 2 Maart 1983 die oorledene Jack Gobe in die A Medium Gevangenis, Goedemoed, in die distrik van Rouxville, vermoor het. Die verhoorregter het

sy statutêre diskresie uitgeoefen endie appellant ter dood veroordeel. Beskuldigde 2 is 'ngevangenisstraf van 12½ jaar opgelê. Met verlof ingevolgeart 316(8)(c)(ii) van die Strafproseswet 51 van 1977 komdie appellant na hierdie Hof in hoër beroep teen diedoodvonnis.

/Uit

3 Uit die aanvaarde getuienis en bevindings van die verhoorhof blyk o.a. die volgende aangaande die ter=saaklike agtergrond en omstandighede wat op die pleging van die moord betrekking het. Die appellant en beskuldigde 2 is lede van die 28-bende wat berug is daarvoor dat sy lede op gewelddadige wyse geld en tabak afneem van gevangenes wat nie lede van die 28-bende is nie. Die 28-bende bestaan uit twee vleuels, nl. 'n bloedlyn en 'n privaatlyn. Die bloedlyn bestaan op sy beurt uit 'n 1ste afdeling wat deur offisiere saamgestel word wat die volgende range in volgorde van belangrik=heid het, nl. judge, generaal, kolonel, kaptein 1 (draadloos en mapaingt (Germiston). Die range van judge, generaal en kolonel was vakant ten tyde van die pleging van die moord

/Daar

4

Daar is geen 2de afdeling in die bloedlyn nie terwyl die 3e afdeling saamgestel is uit 'n kaptein 1, kaptein 2, sersant 1, sersant 2 en die gewone soldate. Beskuldigde 2 was na bewering 'n soldaat. Om bevordering na die 1ste afdeling van die bloedlyn en opwaarts daarin te kry, moet die kandidaat iemand wat nie aan die 28-bende behoort nie aanrand deur bloed te trek. Soldate gebruik bekere en nie messe of skerp gemaakte voorwerpe nie om dit te doen. Die privaatlyn van die 28-bende bestaan uit twee afdelings. Die 1ste afdeling word saamgestel deur offisiere wat die

volgende range in volgorde van belangrikheid het, nl

goewerneur, inspector, sekretaris (mabalang , mogoensi),

magistraat, dokter en landdros. Butana Human was die

/inspector5inspector en op die stadium toe die moord gepleeg is, het hy die hoogste rang in die 1ste afdeling van die privaatslyn gehad. Die 2de afdeling bestaan uit Goliath 1 en 2, Masilwa 1 en 2 en uit probations of lighties. Hulle is die "wyfies" of vroumense van die offisiere in die 1ste afdelings van die 28-bende. Die "wyfies" tree nie geweldig op nie en word deur die ander lede van die 28-bende beskerm. Die appellant het daarop aanspraakgemaak dat hy 'n probation is en dat hy die "wyfie" van Butana Human was. Laasgenoemde het dit ontken en beweer dat die appellant 'n magistraat was. Die getuie Jafta Rashet ook ontken dat die appellant 'n "wyfie" was en het beweer dat hy 'n hoër rang gehad het maar hy weet nie wat nie. Die oorledene was 'n lid van die Big Five-bende en 'n "wyfie".

/Die

6

Die lede van die Big Five-bende is ongewild onder die gevangenes omdat hulle nuus aan lede van die gevangenis= diens verstrek. Hulle verdedig hulself deur vuishoue en skoppe te gee. Die oorledene het slegs een aand in sel 5 geslaap. Hy is toe oorgeplaas na sel 4 wat langs sel 5 is. Hy het in sel 4 die vier nagte voordat hy vermoor is, geslaap. Die appellant, beskuldigde 2 en die oorledene was lede van die perdestalspan. Die oorledene het as 'n ystersmid (blacksmith) by die perdestalle gewerk. Sondag= middag 27 Februarie 1983 was die appellant, beskuldigde 2 en die oorledene in hul onderskeie selle toe daar by die kerkdiens moeilikheid tussen lede van die Big Five-bende en 'n lid van die 28-bende ontstaan het. Woensdagmiddag

/2 Maart.....72 Maart 1983 het die gevangenes vir hul middagete nadien eetsaal by die perdestalle gegaan. Die appellant het langs Butana Human gesit terwyl beskuldigde 2 daarnaby gesit het. Die appellant het skielik opgestaan, gevolg deur beskuldigde 2, en in die rigting beweeg waardeur die oorledene gesit het. Die appellant het eerste die oorledene begin steek met 'n skerp gemaakte lepel. Be=skuldigde 2 het sy voorbeeld met sy skerp gemaakte lepel gevolg. Hulle het toe die oorledene om die beurt gestek. Pandemonium het losgebars en die gevangenes het in

wanordeuit die eetsaal gevlug. Die oorledene wat weerloos was, het geskree en gehuil. Hy het daarin geslaag om by dieysterdeur uit te kruip terwyl die appellant en beskuldigde 2 steeds met hul steekhoue volgehou het. Hy het buitekant op

/die

8

die gras neergeval. Lede van die gevangenisdiens het die appellant en beskuldigde 2 ontwapen en aangehou totdat kaptein {destyds luitenant) Potgieter met sy bakkie opgedaag het. Die oorledene het gesterf terwyl hy per ambulans na Aliwal-Noord se hospitaal vervoer is. Volgens die mediese getuienis het die oorledene elf steekwonde en een snywond gehad. Drie van die steekwonde was penetrerend van aard maar die noodlottige een het tot in sy hart gepenetreer. Die verhoorhof het bevind dat die appellant en beskuldigde 2 in hul aanval op die oorledene met 'n gemeenskaplike doel opgetree het met die opset om hom te dood, dat hulle sodanige aanval met dolus eventualis verrig het, dat dit onwaar= skynlik is dat hulle die aanval in opdrag van Butana Human /uitgevoer

9

uitgevoer het en dat die beweerde dwang wat Butana Human op hul sou uitgeoefen het om die aanval te pleeg as vals verwerp moes word. Ek moet daarop wys dat volgens die appellant se gewysigde pleitverduideliking het Butana Human aan hom 'n mes oorhandig met die uitdruklike opdrag om Vi lid van die Big Five-bende daarmee te steek sodat die appellant vanaf 'n probation na 'n soldaat bevorder kon word; en dat beskuldigde 2 as 'n "escort" moes toesien dat die appellant sy opdrag uitvoer. (Band 4 van die oorkonde

bl 366-367). Dit was hierdie beweerde dwang wat die verhoorhof verwerp het. Die verhoorregter het die bevinding van die verhoorhof hieroor soos volg gestel:/"Die.....

10

"Die getuienis van die twee beskuldigdes ten opsigte van die beweerde dwang deur Butana Human word na volledige oorweging verwerp as vals." (Band 9 van die oorkonde bl 808). Deur hierdie bevinding het die verhoorhof by implikasie die getuienis van Butana Human dat hy nooit sodanige opdrag aan die appellant gegee het nie klaarblyklik aanvaar. Dit wil ook voorkom asof die verhoorhof deur sy bevinding by implikasie die getuienis van Butana Human aanvaar het dat volgens die wette van die 28-bende kan 'n probation net in die privaatlyn bevorder word en kan hy nie oorklim na die bloedlyn om 'n soldaat te word nie. Die verhoorhof het egter geen uitdruklike bevinding gemaak of die appellant slegs 'n probation of 'n magistraat in /die

11

die privaatlyn van die 28-bende was nie.

In sy uitspraak oor die meriete het die verhoorregter die volgende opmerking gemaak:

"Die Hof het ook oorweging daaraan geskenk ofafgesien van die geopperde verweer van dwang, daar nie tog wel dwang deur middel van die 28-bende se aktiwiteite op die beskuldigdes uitgeoefen is nie. Die moontlikheid van dwang en invloed deur die 28-bende vir dienoodlottige gebeure is dan ook nie buiteredelike twyfel uitgesluit nie, maar is dit duidelik dat dit nie van so 'n direkte endwingende aard was dat die beskuldigdes dit nie redelikerwyse kon weerstaan nie."

(Band 9 van die oorkonde bl 808-810).

Hoe die 28-bende se aktiwiteite dwang en invloed op die appellant en beskuldigde 2 uitgeoefen het om die moord te pleeg, word ongelukkig nie deur die verhoorregter verduidelik

/nie

12

nie. Hy vermeld ook nie die feite-basis waarop ditgebaseer is nie. Hierdie opmerking is van groot belangwanneer daar gelet word op die basis waarop die verhoorhofversagtende omstandighede bevind het, soos ek sal aantoon.

Die appellant en beskuldigde 2 het nie getuienisafgelê of aangevoer om versagtende omstandighede aan tetoon nie. Soos vermeld, het die verhoorhof versagtendeomstandighede ten aansien van die appellant en beskuldigde2 bevind. Hierdie Hof het die advokate versoek om bydie aanhoor van hierdie appèl betoë te lewer oor die vraagof die verhoorhof se bevinding dat daar versagtende omstandig=hede was geregverdig kan word. Sodanige betoë is wel gelewer.

/Wat

13

Wat versagtende omstandighede betref, het die verhoorhof in die eerste plek verwys na die lae opvoed=ingspeil en ongesofistikeerdheid van die beskuldigdes Die appellant het geen skoolopleiding gehad nie en het vir 'n konstruksimaatskappy as 'n arbeider gewerk voordat hy na die gevangenis verwys is. Die verhoorhof het bevind dat dit nie 'n versagtingsgrond is nie "maar sal dit verder oorweging geniet saam met die faktor van dwang Tweedens is verwys na die feit dat die beskuldigdes dolus eventualis gehad het maar die verhoor=hof bevind dat die aard van die aanval sodanig was dat dit nie hier van toepassing as 'n versagtingsgrond kon wees nie

/Die

14

Die verhoorregter gaan dan voort soos volg:

"Derdens is die kwessie van dwang as 'n ver=sagtende omstandigheid geopper en dit isook duidelik volgens die gewysdes dat asaan sekere faktore beantwoord word, dwangwel 'n versagtende omstandigheid kan wees.Op die getuienis as geheel is dit vir hierdieHof duidelik dat

in Goedemoed Gevangenis, op die waarskynlikhede, daar 'n bende-subkultuur was waarin vir die bende-lede diewette van hul bende streng geldend was. Op die getuienis is dit verder op die waarskynlikhede bewys dat die noodlottige gebeure vandie Woensdag in direkte verband staan met die gebeure van die Sondagmiddag voorgaande, toedie Big Five's vir die 28-bendelede geskop het. Dit was dan ook die stelling wat beskuldigde 1 volgens die getuienis aan kaptein Potgieter gemaak het net na die gebeure: 'Omdat hulle ons Sondag geskop het. 'Ons', in die breëverband van bende.'

15

Die verhoorhof het hier misgetas deur te beweer dat dit bewys is dat daar 'n direkte verband tussen die gebeure van Sondagmiddag 27 Februarie 1983 en die pleging van die moord was. Ek het reeds daarop gewys dat volgens die aanvaarde getuienis die appellant en beskuldigde 2 in sel 5 en die oorledene langsaan in sel 4 die betrokke Sondagmiddag was. Dit was bowendien nooit die appellant se verdediging dat daar enige verband tussen die gebeure van die Sondagmiddag en die pleging van die moord was nie. Die appellant se saak was dat hy die oorledene in opdrag van Butana Human gestee het ten einde bevorder te word vanaf 'n probation in die privaatlyn na 'n soldaat in die bloedlyn, soos ek reeds aangetoon het. Hierdie verweer is tereg deur die /verhoorhof

16

verhoorhof se uitspraak oor die meriete as vals verwerp. Die stelling wat appellant se advokaat in kruisondervraging aan kaptein Potgieter gemaak het, is nie deur laasgenoemde bevestig nie. Bowendien het die appellant nooit so getuig nie. Dit is 'n verdere mistasting deur die verhoorhof. Die verhoorhof stel dan die vraag "of op die waarskynlikhede hierdie 'n sporadiese optrede deur beskuldigde 1 en 2 was of 'n optrede in bendeverband?" Die antwoord wat die verhoorhof hierop gee, is soos volg:

"Die Hof is van mening dat die waarskynlikhede eerder is dat die optrede was in uitvoering van bende-opdragte. Veral waar die beskuldigdes geen persoonlike twis met die oorledene gehad het nie en ook nie eers persoonlik deur die Big Five Bende op die Sondag aangerand is nie."

/Hierdie

17

Hierdie bevinding van die verhoorhof het nooit met die volgende aspekte rekening gehou nie, nl.

1. Volgens die getuienis van Butana Human was die 28-bende onaktief ten tyde van die tydperk toe die moord gepleeg is terwyl die appellant die teendeel beweer het. Die verhoorhof het nooit 'n bevinding ten opsigte van hierdie botsende getuienis gemaak nie maar die volgende omstandighede wat gemene saak was ondersteun die standpunte van Butana Human nl

(i) die aantal hoë range in die eerste afdeling van die bloedlyn van die 28-bende wat vakant was, soos ek reeds vermeld het, en

(ii) die 28-bendelede het nie streng volgens sy wette geleef nie soos blyk uit die feit dat hulle gedobbel

het. /2. Volgens 182. Volgens Butana Human het die appellant en beskuldigde 2 op hul eie inisiatief opgetree toe hulle die oorledene aangerand en vermoor het. Dit word ondersteun deur die volgende omstandighede nl.

i) daar was nooit 'n kringsit van die 28-bende om 'n opdrag te gee om die oorledene aan te rand en te dood nie en daar was nooit twee "escorts" aangestel om toe te sien dat die appellant so 'n opdrag uitvoer nie sodat daar geen sprake kon wees dat die appellant en beskuldigde 2 se optrede teenoor die oorledene in uitvoering van bende-opdragte was nie

(ii) dit was gemene saak dat die appellant sowel as die

oorledene dobbelaars was en op die waarskynlikhede
is dit moontlik dat hulle met mekaar kon gedobbel

19

het (veral waar hulle beide aan die perdestalspan
verbonde was) sodat daar 'n twis tussen hulle kon
ontstaan het.

Dit is derhalwe duidelik dat die verhoorhof ernstig
mismetas het om te bevind dat volgens die waarskynlikhede
was die appellant en beskuldigde 2 se optrede in uitvoering
van bende-opdragte.

Die verhoorhof formuleer sy bevinding aangaande
versagtende omstandighede soos volg:

Na ewewigtige oorweging het die Hof niestandaard die feit van die beskuldigdes se
leuenagtigeweergawes en hulle versuim om nou te getuigten opsigte van hoe hulle subjektief
beïnvloed was op die feite wat wel bewys is, bevind dat die verdediging hom wel van die bewyslas
gekwythet en bewys het dat die bende-kultuur die
/beskuldigdes

20

beskuldigdes se optrede wesenlik beïnvloedhet en dat dit die gruweldaad van die beskuldigdes in
die oë van regdenkende lede van die publiekook minder laakbaar maak en as sodanig 'n
versag=tende omstandigheid daarstel volgens die gesag=hebbende gewysdes van die Appellhof
waarna hierdiehof verwys is, en so 'n bevinding word gemaak."

Hierdie bevinding van die verhoorhof waarop die
aanwesigheid van versagtende omstandighede gebaseer word,
is nie op 'n feitebasis gebaseer nie maar is suiwer spekulatief
van aard. Dit kom neer op 'n baie ernstige mistasting. Afgesien van die feit dat dit nie 'n
bendemoord in die uitvoering van bende-opdragte was nie, soos ek reeds aangetoon het, is daar
geen feite om as basis te dien vir die bevinding dat die appellant vanweë dwang (hetsyfisies hetsy
psigies) of beïnvloeding van die 28-bende

21

die moord gepleeg het nie. Bowendien het die appellant

nie alleen vrywillig lid van die 28-bende geword nie
maar hy was ook by sy toetrede tot die 28-bende bewus
daarvan dat soldate van die 28-bende ander gevangenes
met bekere slaan en aanrand om tabak en geld by hulle
af te neem. Volgens appellant se eie getuienis het
sersant van der Merwe, wat baie van hom gehou het, hom
die Woensdagoggend gevra om saam met hom na sy huis te
gaan vir die middagete. Die appellant het dit afgewys
en die oorledene etenstyd vermoor

Dit is duidelik dat die verhoorhof se bevindingen opsigte van die aanwesigheid van versagtende
omstandighede nie geregverdig kan word nie. Die korrekte

/bevinding

22

bevinding moes gewees het dat daar geen versagtende
omstandighede is wat die appellant en beskuldigde 2
betref nie. Volgens die voorskrifte van die Straf=
proseswet 51 van 1977 (die Wet) kon die Staat egter
nie aansoek doen om teen hierdie bevinding van die
verhoorhof ten opsigte van versagtende omstandighede te
appelleer nie. Hierdie Hof het dan ook geen bevoegdheid
om hom in te meng met die verhoorhof se bevinding dat
versagtende omstandighede aanwesig was nie, soos blyk uit
die uitspraak van hierdie Hof in S v Mako en Andere,
1984(3) SA 677 (A). Dit is 'n beleidsaspek wat by die
wetgewer berus. Die feit dat daar egter geen versagtende
omstandighede in werklikheid in die onderhawige geval
/aanwesig.....

23

aanwesig is nie is wel van belang wanneer die uitoefening van die verhoorregter se statutêre diskresie om die appellant die doodvonnis op te lê, in oënskou geneem word. Die appèl is immers gerig teen die oplegging van die doodvonnis In die onderhawige geval het die verhoorregter, na die bevinding van die verhoorhof dat daar versagtende omstandighede is, in terme van art 277(2) van die Wet 'n statutêre diskresie om 'n ander vonnis as die doodvonnis op te lê. Die verhoorregter kon toe 'n breër spectrum feite en omstandighede in ag neem as by die bevinding of versagtende omstandighede aanwesig was of nie. Vergelyk S v Mathebula and Another, 1978(2) SA 607 (A) op bl 613 A-C. Wat sy vorige veroordelings betref, is die /appellant

24

appellant in 1975 skuldig bevind aan gewone aanranding met 'n kiere. Daarna is hy twee keer skuldig bevind aanaanranding met die opset om ernstig te beseer met 'n mes. In 1978 is hy 7 jaar gevangenisstraf opgelê vir strafbare manslag waarby 'n mes betrokke was. Hierdie vonnis sou op 21 Julie 1983 verstryk het. Die verhoorregter hethiermee rekening gehou en was twyfelagtig of die appellantsou hervorm deur die oplegging van gevangenisstraf. Asdie appellant se persoonlike omstandighede, tesame metdie mate van versagting wat daar bevind is, opgeweeg wordteen die afskuwelike misdaad wat ten aanskou van ander gevangenes by hul middagete op 'n wrede en genadelosewyse teenoor die weerlose oorledene gepleeg is, dan is diedoodvonnis wat opgelê is glad nie onvanpas nie.

/Die

25

Die appèl teen die doodvonnis word afgewys

C P JOUBERT AR.

TRENGOVE AR. stem saam.

Source & reproduction note

Judgment wording, source notices and original paragraph numbers are retained. Esheria supplies the layout and this PDF's page numbers; these are not the source pagination. This is a research copy, not an official or certified court document. Check quotations, citations and publication restrictions against the original source before relying on it.

ORIGINAL SOURCE <https://www.saflii.org/za/cases/ZASCA/1985/3.html>

CASE PAGE <https://chat.esheria.ai/case-law/south-africa/s-v-jafta-unknown-topic-asca-1985>

Prepared on 11 October 2026 · Esheria